

**12 November**

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 5**

**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 5:17**

### **Bid sonder ophou**

Gebed is 'n oop gesprek met God. Gebed is die uitlewing van God se opdrag om Hom in alles te ken. Om sonder ophou te bid, is om voortdurend in 'n gebedstemming met God te lewe. Dit gee vir ons ruimte vir ons hart. God is in die hemel en wie God wil bereik, moet ook na die hoogtes gaan met dié geloofsgedagte: so groot soos die hemelruimtes is, so is ook die ontferming wat uit God se hart tot ons kom.

Dit maak ons laste lig. Wie met 'n beswaarde gemoed God in Christus ontmoet, lê al sy laste voor Hom neer, gee alle verdriet in sy hande oor en fluister alle kommer in sy oor. Hy neem alles oor en gee die laste nie weer terug nie. Eerder verlig en vertroos Hy ons vanaf sy genadetroon.

Dit maak ons sterk. Wie sonder ophou bid, staan voor die Almagtige. Sy almag vloei oor in die onmag van die bidder wat sy aangesig soek. Jy kan nie by die Almagtige vertoef en nie ook sterk word nie.

Dit gee rus. Die rus word joune omdat God in Christus ons skuld vir sy rekening neem. Ons saak word deur God in die hand geneem. Dit gee rus omdat ons dit al duisende male self beleef het dat waar mense sonder ophou bid, God sonder ophou hoor en verhoor.

*Sing: Psalm 33:11 Ds MJ Smidt (Innesdal)*